# BOSCHENDAL WYNKELDERSTAP 2022

| ROETE: | 5km Groen Roete | DATUM: | 3 Desember 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

16 van ons ontmoet op die parkeerterrein van Boschendal naby die "Trail Office". Ons handel die admin af en betaal die R960 vir die staptog en ontvang elkeen 'n groen armband. Ons volg die duidelik gemerkte groen roete teen 'n gemaklike pas. Ons stap hoofsaaklik om landerye en sien ook 200jarige bloekombome van 50m hoog! Omdat ons redelik vroeg begin het (om moontlike warm temprature te vermy) stop ons vir 'n peusel-en-geselsbreek om 'n bietjie tyd te verwyl sodat ons eers om 10:00 by die Werf sal terug wees vir die wynproe. Ons bespreking was vir 10:30 maar hulle was byna gereed vir ons toe ons om 10:10 naderstaan. Die koste van R85 per persoon vir die proe van 3 rooi- en 3 witwyne was reeds vooruit betaal maar op 'n voorstel van die lokaalbestuurder betaal ons elkeen R25 vir 5 heerlike brood-met-smereborde vir die tafel. Die baie oulike en aangename dame, Siyonela, kwyt haar uitstekend van haar taak om ons te laat wynproe. Sy bederf ons ook met 'n proesel heerlike brandewyn, eintlik cognac, uit 'n besonderse bottel (R699 per bottel). Dit was so gesellig dat 'n Franse toeris sommer later by ons ingeval het! Ná die wynproe eet 'n klompie van ons lig by die markie voordat ons almal huiswaarts keer. Dit was weereens 'n heerlike ervaring met positiewe terugvoer van almal. Hoogte gewen = 32m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Steph du Toit | 2023031 | R 5 | 5 | |
| Mariana du Toit | 2023032 | R 5 | 5 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 5 | |
| Mariette Nortjé | 2022032 | R 5 | 5 | |
| Gerrit Nortjé | 2022033 | R 5 | 5 | |
| Madie Krause | 2023038 | R 5 | 5 | |
| Wynand Krause | 2023039 | R 5 | 5 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 5 | 5 | |
| Freddie Pohl | 202260 | R 5 | 5 | |
| Lecia Gerber | 2023033 | R 5 | 5 | |
| Liesl du Plooy | 2022024 | R 5 | 5 | |
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 5 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 5 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 5 | |
| Alan van Rensburg | 2022045 | R 5 | 5 | |
| Ilze Geldenhuys | 2023034 | R 5 | 5 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 80** | **80** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Sinmarie Pieterse | |
| + 3 Nie-lede | |

| VERSLAG DEUR: | Steph du Toit |
|---|---|